MELANIE PETERSEN

Studieleier: Dr L Damons

# Reflekterings oor die gebruik van gemeenskapsgebaseerde aksienavorsing met 'n groep vroue/jeug om die sosio-emosionele faktore te verken wat deelname aan volhoubare armoedeverligtingsinisiatiewe verbeter of verhinder

Werkloosheid onder jeugdiges en vroue is 'n ernstige krisis in Suid-Afrika. Daaglikse blootstelling aan die hoë vlakke van werkloosheid en gebrek aan finansiële onafhanklikheid onder jeugdiges en vroue in my eie gemeenskap waar ek woon, het my aangespoor om hierdie verskynsel van nader te ondersoek. Ek het hierdie studie begin met die oortuiging dat elke individu hul eie unieke lewensverhale het wat daartoe gelei het dat hulle werkloos geword het en wat belangrik sou wees om te verstaan as ons hierdie uitdaging op 'n volhoubare manier sou aanpak.

In my werk met gemeenskappe het ek gevind dat mense dikwels geleenthede, idees en opleiding ontvang om hul eie inkomste te genereer, maar dat daar blykbaar intrinsieke en ekstrinsieke hindernisse is wat hul volgehoue betrokkenheid by hierdie geleenthede beïnvloed. Ek het verwag dat 'n ondersoek na die ervarings en besluitnemingsprosesse van werklose mense tot beter insigte kan lei oor wat hierdie hindernisse behels, waarom hierdie hindernisse ontstaan het en op watter wyses hierdie jongmense deur die hindernisse beweeg. Hierdie studie het dus gefokus op ‘n ondersoek na die ervarings van ses jong vroue wat deelgeneem het aan 'n Sosiale Impak - vennootskapsinisiatief, met die doel om dieper insig te verkry in hoe samewerkingsbenaderings gebruik kan word om jeug- en vrouewerkloosheid aan te spreek.

Met behulp van semi-gestruktureerde individuele onderhoude en fokusgroeponderhoude met die ses vroue, asook visuele artefakte wat deur die vroue self geskep is (byvoorbeeld collages en tekeninge), het ek gevind dat die ekonomiese bemagtiging van vroue meer behels as net kapasiteitsbou of vaardigheidsontwikkeling. Ekonomiese bemagtiging word ook sterk beïnvloed deur aspekte wat verband hou met sosio-emosionele intelligensie. Die resultate van hierdie studie het 'n aantal sosio-emosionele faktore beklemtoon wat belangrik is om armoede-verligtingsinisiatiewe werklik suksesvol en volhoubaar te maak. Hierdie sosio-emosionele faktore sluit onder andere aspekte soos gereelde selfrefleksie, kritiese besluitneming en toewyding tot gemeenskaplike doelwitte in. Hierdie studie het dus daarop gedui dat die ekonomiese bemagtiging van vroue en jeug verder strek as persoonlike en professionele bemagtiging. Dit vra ook vir fundamentele kopskuiwe in die manier waarop die ekonomiese, sosiale en geestelike welstand van vroue en jeug gesien word en moontlik gemaak word.